

Woensdag 23 September

Skrifgedeelte: Openbaring 5

Fokusgedeelte: Openbaring 5:13

**Aan die Here Jesus kom alle lof in die hemel en op die aarde toe**

**E**n elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! (1983-vertaling)

Op Patmos is Johannes in die gees in die hemel. Hy sien die Here Jesus Christus wat weggevaar het van die aarde af in sy Goddelike heerlijkheid. Hy sien hoe die werk van Jesus Christus in vervulling gaan.

Die dinge in die hemel is meer as wat die mense kon sien tydens Jesus se hemelvaart, want Hy het voor die oë van sy dissipels opgevaar. 'n Wolk het tussen Hom en hulle ingeskuif. Ons weet dat daar dinge was wat die mense nie gesien het nie, wat verskriklik was, naamlik dat die duiwel en sy magte Jesus probeer aanval en vernietig het nadat die wolk Hom van die dissipels geskei het, en dat Migael en sy engele teen die duiwel uitgetrek en hulle verslaan het.

Die oorlog was tussen Migael die aartsengel en die duiwel, terwyl die engele en die geestesmagte gejuig en gejubel het oor sy oorwinning.

Die Bybel openbaar daarmee hoe die lyde van Jesus oorgegaan het in sy oorwinning. Hy berei in sy koninkryk plek voor vir dié waarvoor Hy aan die kruis die ewige lewe verwerf het. Die seën van die Here Jesus Christus is dat ons soos Hy uit die dood opgewek sal word sodat ons met ons liggaam en siel in sy koninkryk sal ingaan met sy wederkoms.

*Sing: Psalm 34-1:4*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*